

Maandag 9 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 43:22 – 44:5 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Jesaja 43:3

Ons nuwe identiteit in Christus

Die belofte van Jesaja 44:3 staan in skrilte teëstelling met die Here se teregwyding in die voorafgaande verse:

Hy kondig aan dat Hy ondanks Israel se sondes en oortredings sy Gees op hulle kinders sal uitstort, en dat dit hulle totaal sal verander. Net soos wat strome water aan 'n dorsland 'n heeltemal nuwe voorkoms gee, net so onherkenbaar anders sal hulle nakomelinge wees. Die Here handel met ons nie volgens ons sondes nie. Hy kyk nie na hoe Israel optree wanneer Hy besluite oor hulle toekoms neem nie. Sy genade is groot. Daarom gaan Hy sy Gees oor hulle nageslag uitstort.

Hierdie belofte het die Here op Pinksterdag vervul, en sedertdien woon Hy deur sy Gees in elke gelowige. Ons word 'n nuwe mens, ons ontvang 'n nuwe identiteit sodat ons saam met Paulus kan getuig: “Ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my!” (Gal. 2:20).

Wanneer ons die Gees van Pinkster ontvang, is sy werk in ons lewe groter en magtiger as wat ons dikwels besef, en daarom ook baie keer verwag. Daarom word ons in 2 Petrus 1:3 en 4 bemoedig met: “Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien ... Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die goddelike natuur.”

Paulus stel dit so: “Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees” (Rom. 8:4). En hy bevestig hierdie waarheid met: “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee” (Fil. 4:13).

Danksy ons nuwe identiteit in Christus is ek en jy vandag nie aan die mag van die sonde uitgelewer nie, want ons is deur die Gees van die lewende God gesalf, en daardeur bemagtig om elke aanslag van die duiwel te weerstaan.

Sing: Skrifberyming 33:1, 3 (1936)

Ds. PA (Piet) Venter (Emeritus)